

## MARA-PROEF

### Die effek van bemarkingstrategie op die produksie-prestasie van beeskuddes van vier verskillende rastipes in die ariede soet bosveld.

Die studie is uitgevoer vanaf 1995 tot 2002 op ca. 4387 ha by die Mara Navorsingstasie in die Limpopo Provinsie. Die gemiddelde reënval was 452 mm per jaar. Vier verskillende rastipes is vergelyk nl Simmentaler kruisings (grootraam - >500 kg), Bonsmara kruisings (mediumraam - 450-500 kg), suiwer Afrikaners (klein-mediumraam - 400 - 450 kg) en Nguni (kleinraam - <400 kg).

Die getalle is kontroleer om gelyke metaboliese massa of Grootvee Eenhede vir al vier groepe te wees. Die lading per hektaar was dus dieselfde vir al vier.

Die gemiddelde **dragtigheid** vir koeie en verse was as volg:

<i>Simmentaler X:</i>	78.7%
<i>Bonsmara X:</i>	74.0%
<i>Afrikaner:</i>	59.3%
<i>Nguni:</i>	83.0%

Die gemiddelde **speenpersentasie** (as % van dragtige koeie):

<i>Simmentaler X:</i>	71.0%
<i>Bonsmara X:</i>	87.2%
<i>Afrikaner:</i>	79.0%
<i>Nguni:</i>	89.3%

**Bemarking van speenkalwers:** Totale lewendige massa (kg) bemark (speenkalwers + uitskot)

<i>Simmentaler X:</i>	9 895 kg (31.51 kg/100 kg gepaar)
<i>Bonsmara X:</i>	10 798 kg (36.88 kg/100 kg gepaar)
<i>Afrikaner:</i>	8 167 kg (26.83 kg/100 kg gepaar)
<i>Nguni:</i>	11 928kg . (44.89 kg/100 kg gepaar)

**Bemarking van 30 mnde osse:** Totale lewendige massa (kg) bemark (osse + uitskot)

<i>Simmentaler X:</i>	10 800 kg
<i>Bonsmara X:</i>	11 988 kg
<i>Afrikaner:</i>	8 325 kg
<i>Nguni:</i>	13 863 kg

Groeitempo van kalwers (groter diere groei vinniger) het 'n onbelangrike rol gespeel in die prestasie van die koeikuddes. Die twee faktore wat die grootste effek op produksie prestasie gehad het, was *reproduksie tempo* en *kalf oorlewing*.

*In beide bemarkingstelsels het die Nguni kudde die ander 3 kuddes oortref.* Die kuddes het geen lek of byvoeding ontvang nie en 'n ander voeding of byvoedingstelsel mag die prestasie van ander rasse verbeter.

Dit kom voor of daar vir al die groepe in die 30 maande osstelsel 'n 10% voordeel bo die speenkalfstelsel was, maar dié verskil kan waarskynlik kanselleer word deur verskil in pryse van die bemarkte produkte, nl. speenkalf (A-grade) vs. osse (AB-grade).

**Voordele van 'n speenkalfstelsel** is vroeër inkomste, hoër kg vleispryse en laer risiko vir verliese na speen; **nadele** is minder plooibaarheid in bemarkingstrategie en die hoër risiko van 'n groter koeikudde.

**Voordele van 'n 30 maande osstelsel** is meer plooibare markstrategieë bv. kuddegetalle kan tydens droogtes makliker aangepas word sonder om koei-kudde te verminder. Nadele is egter vertraging in kontantvloei en die risiko om diere na speen te verloor.

As op 'n bemarkingstelsel besluit word moet inherente eienskappe van die ras in aanmerking geneem word, Simmentaler ossies sal bv nie so maklik by 'n 30 maande stelsel op veld afgerond kan word nie, terwyl dit die vroegryp Nguni ossies weer uitstekend sal pas.

Verwysing: *Du Plessis, I, en Hoffmann L.C. Effect of marketing strategy on the production performance of cattle herds from four different breed types in the arid sweet bushveld. SA-ANIM SCI 2004, vol 5.*